# 390 Onsterflik, onsienlike God alleen wys




U skenk alles lewe, aan groot en aan klein,
en U onderhou dit, laat geeneen verkwyn.
Ons bloei en spruit voort soos die bome se blaar,
verwelk dan en sterwe, maar U bly steeds daar!

O Vader van glorie, o Vader van lig,
die eng'le aanbid U, bedek hul gesig.
Ook ons moet hier neerkniel, aan U al die lof,
neem weg tog die newels wat ons oog verdof!

Die lof wat U toekom, is elkeen se plig,
maar help ons te sien al u waarheid en lig.
En uit onse lewens die sonde verjaag,
deur u openbaring aan harte wat vra!

W. Chamers Smith (1825-1905) Walliese gesang melodie (1839)